


THE PROVINCE OF TRANSVAAL



DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 20c Plus 1c G.S.T.

OVERSEAS: 30c

PRYS: S.A. 20c Plus 1c A.V.B.

OORSEE: 30c

VOL. 228

PRETORIA 12 OCTOBER  
12 OKTOBER

1983

4288

## OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL (Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in at Room A1023(a), Provincial Building. Free copies of the Provincial Gazette or cuttings of advertisements are not supplied.

### Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal Official Gazette (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R10,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 30c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 20c each plus GST.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria 0002.

Non delivery of any issue of the Gazette must be reported to this office within two weeks for supplementation.

### Closing Time for Acceptance of Copy

All advertisements must reach the Officer in Charge of the Provincial Gazette not later than 10h00 on the Wednesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

### Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the Official Gazette:

Double column — R2,60 per centimetre or portion thereof. Repeats — R2,00.

Single column — 90c per centimetre. Repeats 60c.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.


C C J BADENHORST  
for Provincial Secretary

## Proclamations

No 414 (Administrator's), 1983

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;



# Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 20c Plus 1c A.V.B.

OORSEE: 30c

1983

4288

## OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL (Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Proviniale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria geadresseer word, en indien per hand afgelewer, moet dit by Kamer A1023(a), Provinsiale Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die Offisiële Koerant of uitknipsels van advertenties word nie verskaf nie.

### Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Transvaalse Offisiële Koerant (met inbegrip van die Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R10,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 30c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 20c elk plus AVB.

Verkrygbaar by Kamer A600, Provinsiale Gebou, Pretoria 0002.

Nie afluering van enige uitgawe van die Koerant moet binne twee weke aan hierdie kantoor gerapporteer word vir aanvulling.

### Sluitingstyd vir Aanname van Kopie

Alle advertensies moet die Beamppte belas met die Offisiële Koerant bereik nie later nie as 10h00 op Woensdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

### Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die Offisiële Koerant geplaas moet word:

Dubbelkolom — R2,60 per sentimeter of deel daarvan.  
Herhalings — R2,00.

Enkelkolom — 90c per sentimeter. Herhalings — 60c.

Intekengeld is vooruitbetaalbaar aan die Proviniale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

C C J BADENHORST  
namens Provinsiale Sekretaris

## Proklamasies

No 414 (Administrateurs-), 1983

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

Now therefore I do hereby, in respect of Remaining Extent of Portion 28 (a portion of Portion 27) of the farm Zandfontein 317 JR, remove condition 1(a) in Deed of Transfer T4018/1981 and alter condition 1(b) in the said Deed to read as follows:

"1(b) No beerhall, place for the sale of wines or spirituous liquors whatsoever may be opened or conducted on this property."

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-15-2-37-317-2

No 415 (Administrator's), 1983

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Portions 1 and 2 of Erf 411, situated in Lorentzville Township, remove condition I.3 on page 3 in Certificate of consolidated Title T16525/1983 which reads as follows:

"Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the portion shall be located not less than 4,57 metres from the boundary thereof abutting on a street".

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-793-1

No 416 (Administrator's), 1983

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

(1) in respect of Erf 16, situated in Dunvegan Township, remove condition (f) in Deeds of Transfer F8563/1963; and

(2) amend Edenvale Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of Erf 16, Dunvegan Township, to "Residential 1" with a density of "One dwelling per 1 000 m<sup>2</sup>" and which amendment scheme will be known as Edenvale Amendment Scheme 21, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Department of Local Government, Pretoria and the Town Clerk of Edenvale.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-381-1

So is dit dat ek, met betrekking tot Resterende Gedeelte van Gedeelte 28 ('n gedeelte van Gedeelte 27) van die plaas Zandfontein 317 JR, voorwaarde 1(a) in Akte van Transport T4018/1981 ophef en voorwaarde 1(b) in gemelde Akte wysig om soos volg te lui:

"1(b) No beerhall, place for the sale of wines or spirituous liquors whatsoever may be opened or conducted on this property."

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-tachtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-15-2-37-317-2

No 415 (Administrateurs-), 1983

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Gedeeltes 1 en 2 van Erf 411, geleë in die dorp Lorentzville, voorwaarde I.3 op pagina 3 in Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel T16525/1983 wat soos volg lui, ophef:

"Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the portion shall be located not less than 4,57 metres from the boundary thereof abutting on a street".

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en tagtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-793-1

No 416 (Administrateurs-), 1983

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Erf 16, geleë in die dorp Dunvegan, voorwaarde (f) in Akte van Transport F8563/1963 ophef; en

(2) Edenvale-dorpsbeplanningskema, 1980, wysig deur die hersonering van Erf 16, dorp Dunvegan, tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m<sup>2</sup>" welke wysigingskema bekend staan as Edenvale-wysigingskema 21, soos aangedui op die toepaslike Kaart 3 en ske-maklousules wat ter insae lê in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk van Edenvale.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en tagtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-381-1

No 417 (Administrator's), 1983

**PROCLAMATION**

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf 93, situated in Buccleuch Township, remove conditions 2(d) and 3(c) in Deed of Transfer T20425/1975.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal

PB 4-14-2-217-3

No 418 (Administrator's), 1983

**PROCLAMATION**

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

1. in respect of Portion 2 of Erf 30, situated in Kilfenora Township, remove conditions 2(b), (k), (j) and (h) in Deed of Transfer T974/1976; and

2. amend Benoni Town-planning Scheme 1, 1947, by the rezoning of Portion 2 of Erf 30, Kilfenora, to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m<sup>2</sup>" and which amendment scheme will be known as Benoni Amendment Scheme 1/268, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Department of Local Government, Pretoria and the Town Clerk of Benoni.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal

PB 4-14-2-686-3

No 419 (Administrator's), 1983

**PROCLAMATION**

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

(1) in respect of Erf 109, situated in Freemanville Township, remove conditions A(d), (l) and (m) in Deed of Transfer T22696/1979; and

(2) amend Klerksdorp Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of Erf 109, Freemanville Township, to "Residential 1" with a density of "One dwelling per 700 m<sup>2</sup>" and which amendment scheme will be known as Klerksdorp Amendment Scheme 67, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Department of Local Government, Pretoria and the Town Clerk of Klerksdorp.

No 417 (Administrateurs-), 1983

**PROKLAMASIE**

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf 93, geleë in die dorp Buccleuch, voorwaardes 2(d) en 3(c) in Akte van Transport T20425/1975 ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-taggig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal

PB 4-14-2-217-3

No 418 (Administrateurs-), 1983

**PROKLAMASIE**

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

1. met betrekking tot Gedeelte 2 van Erf 30, geleë in die dorp Kilfenora, voorwaardes 2(b), (h), (j) en (k) in Akte van Transport T974/1976 ophef; en

2. Benoni-dorpsbeplanningskema 1, 1947, wysig deur die hersonering van Gedeelte 2 van Erf 30, dorp Kilfenora tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m<sup>2</sup>" welke wysigingskema bekend staan as Benoni-wysigingskema 1/268, soos aangedui op die toepaslike Kaart 3 en skemaklousules wat ter insae lê in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stads-klerk van Benoni.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-taggig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal

PB 4-14-2-686-3

No 419 (Administrateurs-), 1983

**PROKLAMASIE**

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Erf 109, geleë in die dorp Freemanville, voorwaardes A(d), (l) en (m) in Akte van Transport T22696/1979 ophef; en

(2) Klerksdorp-dorpsbeplanningskema, 1980, wysig deur die hersonering van Erf 109, dorp Freemanville, tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 700 m<sup>2</sup>" welke wysigingskema bekend staan as Klerksdorp-wysigingskema 67, soos aangedui op die toepaslike Kaart 3 en ske-maklousules wat ter insae lê in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stads-klerk van Klerksdorp.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-504-3

No 420 (Administrator's), 1983

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

(1) in respect of Portion 3 of Erf 411, situated in Freemanville Township, remove conditions C(a), (b), (c), (d) and (e) in Deed of Transfer T12160/1977; and

(2) amend Klerksdorp Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of Portion 3 of Erf 411, Freemanville Township, to "Institutional" and which amendment scheme will be known as Klerksdorp Amendment Scheme 110, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Department of Local Government, Pretoria and the Town Clerk of Klerksdorp.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-504-6

No 421 (Administrator's), 1983

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

(1) in respect of Erf 529, situated in Warmbaths Township, remove conditions (b) and (d) in Deeds of Transfer T9572/1974 and 4557/1955; and

(2) amend Warmbaths Town-planning Scheme, 1981, by the rezoning of Erf 529, Warmbaths Township, to "Business 1" and which amendment scheme will be known as Warmbaths Amendment Scheme 4, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Department of Local Government, Pretoria and the Town Clerk of Warmbaths.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-1499-8

No 422 (Administrator's), 1983

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter,

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en tagtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-504-3

No 420 (Administrateurs-), 1983

## PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Gedeelte 3 van Erf 411, geleë in die dorp Freemanville, voorwaardes C(a), (b), (c), (d) en (e) in Akte van Transport T12160/1977 ophef; en

(2) Klerksdorp-dorpsbeplanningskema, 1980, wysig deur die hersonering van Gedeelte 3 van Erf 411, dorp Freemanville, tot "Inrigting" welke wysigingskema bekend staan as Klerksdorp-wysigingskema 110, soos aangedui op die toepaslike Kaart 3 en skemaklousules wat ter insae lê in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk van Klerksdorp.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en tagtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-504-6

No 421 (Administrateurs-), 1983

## PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Erf 529, geleë in die dorp Warmbad, voorwaardes (b) en (d) in Aktes van Transport T9572/1974 en 4557/1955 ophef; en

(2) Warmbad-dorpsbeplanningskema, 1981, wysig deur die hersonering van Erf 529, dorp Warmbad, tot "Besigheid 1" welke wysigingskema bekend staan as Warmbad-wysigingskema 4, soos aangedui op die toepaslike Kaart 3 en skemaklousules wat ter insae lê in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk van Warmbad.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en tagtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-1499-8

No 422 (Administrateurs-), 1983

## PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my

suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf 102 situated in Wilkeville Township, remove condition 1C(d) in Deed of Transfer 16487/1971.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-1459-1

No 423 (Administrator's), 1983

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf 358, situated in Lyttelton Manor Township, alter condition (b) in Deed of Transfer 4913/1969 by the removal of the words "Not more than one dwelling-house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected thereon and the said lot shall not be subdivided."

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-810-124

No 424 (Administrator's), 1983

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erven 1295, 1296 and 1299, situated in Jeppestown Township, remove conditions (A)3 and 4 in Deed of Transfer T11679/1982.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-658-1

No 425 (Administrator's), 1983

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

1. in respect of Erf 796, situated in Faerie Glen Extension 1 Township, remove condition 5 in Deed of Transfer T40820/1981; and

2. amend Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of Erf 796, Faerie Glen Extension 1 Township, to

verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf 102 geleë in die dorp Wilkeville voorwaarde 1C(d) in Akte van Transport 16487/1971 ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-taggig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-1459-1

No 423 (Administrateurs-), 1983

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf 358, geleë in die dorp Lyttelton Manor, voorwaarde (b) in Akte van Transport 4913/1969 wysig deur die opheffing van die woorde "Not more than one dwelling-house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected thereon and the said lot shall not be subdivided."

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-taggig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-310-124

No 424 (Administrateurs-), 1983

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erwe 1295, 1296 en 1299 geleë in die dorp Jeppestown voorwaardes (A)3 en 4 in Akte van Transport T11679/1982 ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-taggig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-658-1

No 425 (Administrateurs-), 1983

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

1. met betrekking tot Erf 796, geleë in die dorp Faerie Glen Uitbreiding 1, voorwaarde 5 in Akte van Transport T40820/1981 ophef; en

2. Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, wysig deur die hersonering van Erf 796, dorp Faerie Glen Uitbreiding 1 tot

"Special" for the erection of shops, business buildings, a place of refreshment, a place of amusement, hotel and flats and which amendment scheme will be known as Pretoria Amendment Scheme 993, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Department of Local Government, Pretoria and the Town Clerk of Pretoria.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-3483-2

No 426 (Administrator's), 1983

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

1. in respect of Erf 669, situated in Selcourt Township, remove conditions (f) and (l) in Deed of Transfer 9998/1970; and

2. amend Springs Town-planning Scheme 1, 1948, by the rezoning of Erf 669, Selcourt Township, to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m<sup>2</sup>" and which amendment scheme will be known as Springs Amendment Scheme 1/250, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Department of Local Government, Pretoria and the Town Clerk of Springs.

Given under my Hand at Pretoria, this 28th day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

W A CRUYWAGEN  
Administrator of the Province Transvaal  
PB 4-14-2-1220-11

### Administrator's Notices

Administrator's Notice 1597

28 September 1983

#### TOWN COUNCIL OF BRAKPAN: WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM RATING

The Administrator hereby notifies that the Town Council of Brakpan has requested him to exercise the authority convened on him by section 9(10) of Ordinance 17 of 1939, and withdraw the existing exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in respect of Portions 17, 1, 7, 8, 12, 16 (portion of Portion 11) 9, 6, 18; Remaining Portions 2, 3, 4, 5, 10 and 11 of the farm Rooikraal 156 IR; Portions 1, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15; the Remaining portion of the farm Vlakfontein 161 IR and Agricultural holdings 382, 395, 396, 397, 398, 390, 391, 403, 578 and 581 of Withok Estates situated on the farm Withok 131 IR in the district of Brakpan.

All interested persons are entitled to submit reasons in writing to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, within 30 days of the first publication of this notice why the request of the Town Council of Brakpan should not be granted.

PB 3-5-11-2-9

"Spesial" vir die oprigting van winkels, besigheidsgeboue, 'n verversingsplek, 'n vermaakklikeheidspiek, 'n hotel en woonstelle welke wysigingskema bekend staan as Pretoria-wysigingskema 993, soos aangedui op die toepaslike Kaart 3 en skemaklousules wat ter insae lê in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stads-klerk van Pretoria.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-tachtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-3483-2

No 426 (Administrateurs-), 1983

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

1. met betrekking tot Erf 669, geleë in die dorp Selcourt, voorwaarde (f) en (l) in Akte van Transport 9998/1970 ophef; en

2. Springs-dorpsaanlegskema 1, 1948, wysig deur die hersonering van Erf 669, dorp Selcourt tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m<sup>2</sup>" welke wysigingskema bekend staan as Springs-wysigingskema 1/250, soos aangedui op die toepaslike Kaart 3 en skemaklousules wat ter insae lê in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stads-klerk van Springs.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 28e dag van September, Eenduisend Negehonderd Drie-en-tachtig.

W A CRUYWAGEN  
Administrateur van die Provincie Transvaal  
PB 4-14-2-1220-11

### Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 1597

28 September 1983

#### STADSRAAD VAN BRAKPAN: INSTREKKING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBELASTING

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Stadsraad van Brakpan hom versoek het om die bevoegdheid aan hom verleen deur die bepalings van artikel 9(10) van Ordonnansie 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalings van die Plaaslike Bestuur-Belasting-Ordonnansie, 1933, ten opsigte van Gedeeltes 17, 1, 7, 8, 12, 16 (gedeelte van Gedeelte 11) 9, 6, 18; oorblywende Gedeeltes 2, 3, 4, 5, 10 en 11 van die plaas Rooikraal 156 IR; Gedeeltes 1, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15; die oorblywende gedeelte van die plaas Vlakfontein 161 IR en Landbouhoeve 382, 395, 396, 397, 398, 390, 391, 403, 578 en 581 van Withok Estates geleë op die plaas Withok 131 IR in die distrik Brakpan in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, redes aan te voer waarom daar nie aan die Stadsraad van Brakpan se versoek voldoen moet word nie.

PB 3-5-11-2-9

**Administrator's Notice 1677**

**5 October 1983**

**PONGOLA HEALTH COMMITTEE: PROPOSED RAISING OF STATUS**

Notice is hereby given, in terms of section 10 read with section 114 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Pongola Health Committee has in terms of section 9(1)(a) of the said Ordinance, submitted a petition to the Administrator to constitute a village council for the area of jurisdiction of the Pongola Health Committee in lieu of the existing Health Committee.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the Provincial Gazette, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counter petition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

**PB 3-6-5-2-113**

**Administrator's Notice 1703**

**5 October 1983**

**TOWN COUNCIL OF ALBERTON: WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM RATING**

The Administrator hereby notifies that the Town Council of Alberton has requested him to exercise the authority convened on him by section 9(10) of Ordinance 17 of 1939, and withdraw the existing exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in respect of Remaining Extent of Portion 12; Remaining Extent of Portion 15; Remaining Extent of Portion 26; Portions 30 and 33; Remaining Extent of Portion 34; Portions 35, 36 and 37; Remaining Extent of Portion 38; Portions 39, 40, 41, 42, 43, 45, 57, 58, 59, 61, 68, 69, 78, 83, 84, 89, 90, 91; Portion 1 and Remaining Extent of Portion 93; Remaining Extent of Portion 100; Portion 102; Remaining Extent of Portion 104; Portions 107 and 109; Remaining Extent of Portion 110; Portions 112 and 113 and Remaining Extent of Portion 118 all of the farm Palmietfontein 141 IR in the district of Alberton.

All interested persons are entitled to submit reasons in writing to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, within 30 days of the first publication of this notice why the request of the Town Council of Alberton should not be granted.

**PB 3-5-11-2-4**

**Administrator's Notice 1704**

**5 October 1983**

**TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP: WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM RATING**

The Administrator hereby notifies that the Town Council of Klerksdorp has requested him to exercise the authority convened on him by section 9(10) of Ordinance 17 of 1939, and withdraw the existing exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in respect of Portion 388 of the farm Elandsheuwel 402 IP in the district of Klerksdorp.

All interested persons are entitled to submit reasons in writing to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, within 30 days of the first publication of this notice why the request of the Town Council of Klerksdorp should not be granted.

**PB 3-5-11-2-17**

**Administrateurskennisgiving 1677**

**5 Oktober 1983**

**GESONDHEIDSKOMITEE VAN PONGOLA: VOORGESTELDE VERHOGING VAN STATUS**

Ingevolge artikel 10 gelees met artikel 114 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Gesondheidskomitee van Pongola ingevolge artikel 9(1)(a) van genoemde Ordonnansie, 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het om 'n dorpsraad vir die regsgebied van die Gesondheidskomitee van Pongola in die plek van die bestaande Gesondheidskomitee in te stel.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die Provinciale Koerant, aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif in geheel of ten dele te voldoen nie.

**PB 3-6-5-2-113**

**Administrateurskennisgiving 1703**

**5 Oktober 1983**

**STADSRAAD VAN ALBERTON: INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBELASTING**

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Stadsraad van Alberton hom versoek het om die bevoegdheid aan hom verleen deur die bepalings van artikel 9(10) van Ordonnansie 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van Restant van Gedeelte 12; Restant van Gedeelte 15; Restant van Gedeelte 26; Gedeeltes 30 en 33; Restant van Gedeelte 34; Gedeeltes 35, 36 en 37; Restant van Gedeelte 38; Gedeeltes 39, 40, 41, 42, 43, 45, 57, 58, 59, 61, 68, 69, 78, 83, 84, 89, 90, 91; Gedeelte 1 en die Restant van Gedeelte 93; Restant van Gedeelte 100; Gedeelte 102; Restant van Gedeelte 104; Gedeeltes 107 en 109; Restant van Gedeelte 110; Gedeeltes 112 en 113 en Restant van Gedeelte 118 almal van die plaas Palmietfontein 141 IR in die distrik Alberton in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie van hierdie kennisgiving skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, redes aan te voer waarom daar nie aan die Stadsraad van Alberton se versoek voldoen moet word nie.

**PB 3-5-11-2-4**

**Administrateurskennisgiving 1704**

**5 Oktober 1983**

**STADSRAAD VAN KLERKSDORP: INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBELASTING**

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Stadsraad van Klerksdorp hom versoek het om die bevoegdheid aan hom verleen deur die bepalings van artikel 9(10) van Ordonnansie 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van Gedeelte 388 van die plaas Elandsheuwel 402 IP in die distrik Klerksdorp in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie van hierdie kennisgiving skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, redes aan te voer waarom daar nie aan die Stadsraad van Klerksdorp se versoek voldoen moet word nie.

**PB 3-5-11-2-17**

Administrator's Notice 1720

12 October 1983

**SANDTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 166 of the Road Traffic Ordinance, 1966, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Street and Miscellaneous By-laws of the Sandton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 652 dated 24 April 1974, as amended, are hereby further amended as follows:

## 1. By amending section 1 as follows:

(a) By the insertion after the definition of "council" of the following definitions:

"grocery trolley" means any push trolley or push cart which is placed at the disposal of members of the public as buyers by any business undertaking or shop and which is used by members of the public to convey their purchases;

"municipal store" means the municipal store of the council;".

(b) By the insertion after the definition of "public place" of the following definition:

"storekeeper means the official in the service of the council who holds the position of storekeeper;".

## 2. By the insertion after section 29 of the following:

*"Grocery Trolleys"*

(1) No person who is the owner of any grocery trolley or who controls or has the supervision over such grocery trolley or who offers it to be used by any person, or who uses it for any purpose whatsoever, shall push, leave or abandon it or permit that it is pushed, left or abandoned in any street or public place, except a public place which is not owned by or vested in the council.

(2) Any grocery trolley which has been left or abandoned in any street or in any such public place, may be removed, or caused to be removed, by any authorised officer of the council and be placed under the care of the storekeeper.

(3) The storekeeper shall store any grocery trolley which has been placed under his care in terms of subsection (2), at the municipal store and the council shall publish once a month in respect of eleven months of a year calculated from the first day of January, a notice in a newspaper as contemplated in section 110 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, wherein it is stated —

(a) the number of such grocery trolleys being so stored and, if possible, the name of the owner of any such grocery trolley;

(b) that any such grocery trolley may be claimed by the owner thereof on payment of the prescribed storage charge;

(c) that any grocery trolley which has not been claimed after a period of three months from the date of publication of the said notice, shall be sold by the council by public auction;

(d) that the proceeds of the public auction shall be revenue in favour of the council.

(4) The council shall not be liable as a result of theft, damage to or loss of any grocery trolley, or the selling thereof by public auction, and the owner of any grocery trolley shall have no claim or right of redress against the council should

Administratorskennisgiving 1720

12 Oktober 1983

**MUNISIPALITEIT SANDTON: WYSIGING VAN STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 166 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Straat- en Diverse Verordeninge van die Munisipalteit Sandton, deur die Raad aangeneem by Administratorskennisgiving 652 van 24 April 1974, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikel 1 te wysig deur voor die woordomskrywing van "publieke plek" die volgende woordomskrywings in te voeg:

"'kruidenierswaentjie' enige stootwaentjie of stootkarretjie wat aan lede van die publiek as kopers beskikbaar gestel word deur enige sake-onderneeming of winkel en wat deur lede van die publiek aangewend word om aankope in te vervoer;

"magasynmeester" die amptenaar in diens van die raad wat die amp van magasynmeester beklee;

"munisipale magasyn" die munisipale magasyn van die raad;".

## 2. Deur na artikel 29 die volgende in te voeg:

*"Kruidenierswaentjies"*

30.(1) Niemand wat die eienaar van enige kruidenierswaentjie is of wat daaroor beheer of toesig het of wat dit aan enige persoon aanbied ter gebruik of wat dit gebruik vir enige doel hoegenaamd, mag dit in enige straat of publieke plek, behalwe 'n publieke plek wat nie aan die raad behoort of by die raad berus nie, stoot, laat of los of toelaat dat dit aldus gestoot, gelaat of gelos word nie.

(2) Enige kruidenierswaentjie wat in 'n straat of in sodanige publieke plek gelaat of gelos is, kan deur enige gemagtigde beampte van die raad verwijder of verwijder laat word en in die sorg van die magasynmeester geplaas word.

(3) Die magasynmeester berg enige kruidenierswaentjie wat ingevolge subartikel (2) in sy sorg geplaas is, by die munisipale magasyn en die raad publiseer een maal per maand ten opsigte van elf maande van 'n jaar gereken vanaf die eerste dag van Januarie, 'n kennisgiving in 'n nuusblad soos beoog in artikel 110 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, waarin vermeld word —

(a) die getal van sodanige kruidenierswaentjies wat aldus geberg word en, indien moontlik, die naam van die eienaar van enige sodanige kruidenierswaentjie;

(b) dat enige sodanige kruidenierswaentjie teen betaling van die voorgeskrewe bergingsgeld deur die eienaar daarvan opgeëis kan word;

(c) dat enige kruidenierswaentjie wat na verloop van 'n tydperk van drie maande na die datum van publikasie van genoemde kennisgiving nog nie opgeëis is nie, deur die raad per openbare veiling verkoop sal word;

(d) dat die opbrengs van die openbare veiling inkomste ten gunste van die raad sal wees.

(4) Die raad is nie aanspreeklik vir diefstal, beskadiging of die verlies van enige kruidenierswaentjie of die verkoop daarvan per openbare veiling nie en indien enige kruidenierswaentjie, na betaling van die voorgeskrewe bergings-

such grocery trolley be handed over unintentionally to any person other than the owner thereof after payment of the prescribed storage charge."

3. By the renumbering of the existing section 30 to read 31(1) and by the insertion of the following subsection thereafter:

"(2) Subject to the provisions of subsection (1), any person who contravenes the provisions of section 30(1), shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable to a fine not exceeding R50, or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 3 months."

4. By the insertion after section 31 of the following section:

**"Storage Charge"**

32. The storage charge for any grocery trolley as contemplated in section 30(4) shall be R10 for any period of three months or part thereof."

PB 2-4-2-80-116

Administrator's Notice 1721

12 October 1983

**SPRINGS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Springs Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 85 dated 25 January 1978 as amended is hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution for item 4 of the following:

**"4. Connections and Reconstructions"**

(1)(a) The Charge payable in respect of a connection for the supply of water for domestic purposes shall be as follows:

(i) 20 mm diameter domestic connection: R260.

(ii) 25 mm diameter domestic connection: R317.

(b) The charges payable in respect of any connection larger than 25 mm shall be based on the actual cost of labour and material for such a connection plus a surcharge of 15 % on this amount.

(2) For the reconnection of the supply after disconnection as a result of a contravention of these by-laws or conditions of supply: R5."

2. By the addition after item 7 of the following:

**"8. Charges for Portable Water Meters"**

(1) Charge for the installation, maintenance and retesting of the meter: R126.

(2) Deposit for the supply of the stand-pipe, meter and hydrant key: R200.

(3) Deposit for the consumption of water as calculated by the Treasurer, based on the estimated consumption."

geld, sonder opset aan enige persoon anders as die eienaar daarvan, gelewer word, het die eienaar van sodanige kruidenierswaentjie geen eis of verhaalsreg teen die raad nie."

3. Deur die bestaande artikel 30 te hernommer 31(1) en die volgende subartikel daarna in te voeg:

"(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), is enige persoon wat die bepalings van artikel 30(1) oortree, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande."

4. Deur na artikel 31 die volgende artikel by te voeg:

**"Bergingsgeld"**

32. Die bergingsgeld vir enige kruidenierswaentje soos beoog in artikel 30(4) is R10 vir enige tydperk van drie maande of gedeelte daarvan."

PB 2-4-2-80-116

Administrateurskennisgewing 1721

12 Oktober 1983

**SPRINGS-MUNISIPALITEIT: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Springs deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 85 van 25 Januarie 1978, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur item 4 deur die volgende te vervang:

**"4. Aansluitings en Heraansluitings"**

(1)(a) Die gelde betaalbaar ten opsigte van aansluitings vir die lewering van water vir huishoudelike verbruik sal soos volg wees:

(i) 20 mm deursnee huishoudelike aansluiting: R260.

(ii) 25 mm deursnee huishoudelike aansluiting: R317.

(b) Die gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansluiting groter as 25 mm word gebaseer op die werklike koste van arbeid en materiaal vir so 'n aansluiting plus 'n toeslag van 15 % op sodanige bedrag.

(2) Vir die heraansluiting van die toevoer nadat dit weens 'n oortreding van die verordeninge of voorwaardes van lewering afgesluit is: R5".

2. Deur na item 7 die volgende by te voeg:

**"8. Gelde vir Verplaasbare Meters"**

(1) Heffing vir die installasie, instandhouding en hertoets van die meter: R126.

(2) Deposito vir die voorsiening van die staanpyp, meter en brandkraansleutel: R200.

(3) Deposito vir die water verbruik soos bereken deur die Stadstesourier en gebaseer op die beraamde verbruik."

PB 2-4-2-104-32

PB 2-4-2-104-32

Administrator's Notice 1722

12 October 1983

## CORRECTION NOTICE

## TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: WATER SUPPLY BY-LAWS

Administrator's Notice 910, dated 8 June 1983, is hereby corrected by the addition at the end of item 9(1) of the following proviso:

" : Provided that where any erf or premises is occupied by more than one consumer to whom the Board supplies water, the basic charge shall be levied in respect of each such consumer".

PB 2-4-2-104-111

Administrator's Notice 1723

12 October 1983

## WITBANK MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Witbank Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 687, dated 8 June 1977, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Schedule of the following:

## "SCHEDULE

## TARIFF OF CHARGES

## 1. Basic Charge

Basic charge payable per month by the owner or occupier where any erf, stand, lot or other area with or without improvements is, or in the opinion of the Council, can be connected to the supply main, whether water is consumed or not: R2.

## 2. Charges for the Supply of Water

(1) Supply of water to any class of consumer, per month or part thereof, except as provided in subitem (2):

- (a) Nil to 40 kl per month per kl: 21c
  - (b) 41 to 100 kl per month per kl: 25c
  - (c) more than 100 kl per month per kl: 30c
- (2) Supply to municipal departments: At cost.

## 3. Charges for Connections to the Main

The charges payable in respect of any connection for the supply of water shall amount to the actual cost of material, labour and transport used for such connection plus a surcharge of 12,5 % on such amount.

## 4. Charges for Connecting the Water Supply

(1) For connecting the water supply at request of a new consumer: R4.

(2) For re-connecting the water supply after it has been cut off on account of non-payment or a breach of these by-laws: R10.

Administrateurskennisgewing 1722

12 Oktober 1983

## KENNISGEWING VAN VERBETERING

## TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

